Alhoewel simbole skeppinge van die menslike gees is, is hulle objektief en algemeengeldig. Hierdie objektiwiteit lê nie in die inhoud van die simbool nie maar in sy struktuur en in die funksie van die menslike gees, 'n funksie wat hy uitvoer "from inner necessity."

Gebonde aan die sintuiglike het die simbole 'n geestes-inhoud wat ver bo die sintuiglike gaan; hoe verder 'n mens ontwikkel, hoe losser raak hy van die sintuiglike totdat hy uiteindelik beweeg in die wêreld van "pure meaning."

Hierdie bogaande kunsmatige skeiding van die simbool en sy funksie (wat in die volgende hoofstuk behandel word) is nie 'n skeiding wat Cassirer in sy "An Essay on Man" maak nie. Vir ons doel is dit egter noodsaaklik om 'n duidelike begrip te kry van wat hy met die simbool bedoel voordat ons die simbool in sy funksionele aard kan verstaan. Waar in hierdie hoofstuk ook die verskillende terreine van die menslike lewe aangeraak word, is dit maar slegs om voorbeelde van simbole daaruit te haal en is dit ook geensins 'n volledige lys nie.

## HOOFSTUK 4 DIE FUNKSIONELE AARD VAN DIE SIMBOOL.

1. Inleiding. "The philosophy of the symbolic forms starts from the presupposition that, if there is any definition of the nature or 'essence' of man, this definition can only be understood as a functional one, not a substantial one."[1] Die mens se uitstaande kenmerk wat hom onderskei is nie sy fisiese of metafisiese aard nie maar sy werk. Dit is hierdie sisteem van menslike aktiwiteite "which defines and determines the circle of 'humanity'."[2] Van hierdie sirkel is taal, mite, godsdiens, kuns, wetenskap en geskiedenis net verskillende sektore. Hierdie sektore vorm 'n organiese geheel want hulle word gebind deur 'n gemeenskaplike band. "But this bond is not a v i n c u l u m s u b s t a n t i a l e, as it was conceived and described in scholastic thought; it is rather a v i n c u l u m f u n c t i o n a l e."[3] Hierdie funksionele band is die mens se simboolskeppende aktiwiteit.

2. Die simboliese funksie lei tot kennis van die werklikheid. Soos ons reeds in Hoofstuk 3 aangetoon het, bestaan daar by die mens, net soos by die dier, 'n funksionele verband tussen die "Merknetz" en "Wirknetz." By die mens is daar egter baie meer as dit. Tussenbeide is 'n derde skakel gegee naamlik die simboliese funksie. Hierdie funksionele vermoë naamlik om simboliese vorme te skep lê in die wese van die mens en elke mens is daarop ingestel om in ooreenstemming met die omstandighede en met die betrokke funksionele aanleg simbole te skep. Daarom kan die mens met mekaar in gemeenskap verkeer deur middel van taal, kuns, wetenskap, ens. Daar is ook vir hom geen ander werklikheid as die werklikheid wat hy deur middel van die simboliese vorme kan benader nie. " From this point of vieuw, myth, art, language and science appear as symbols; not in the sense of mere figures which refer to some given reality by means of

20./ suggestion and ........

1. E.o.M., 67
2. Ibid, 68
3. Ibid, 68

suggestions and allegorical renderings, but in the sense of forces, each of which produces and posits a world of its own. In these realms the spirit exhibits itself in that inwardly determined dialectic by virtue of which alone there is any reality, any organized and definite being at all. Thus the symbolic forms are not imitations, but organs of reality, since it is solely by their agency that anything real becomes an object for intellectual apprehension, and as such is made visible to us. The question as to what reality is apart from these forms, and what are its independent attributes, becomes irrelevant here. For the mind, only that can be visible which has some definite form; but every form of existence has its source in some peculiar way of seeing, some intellectual formulation and intuition of meaning."[1] Sodra taal, mite, kuns en wetenskap as sodanige "ideational" forms erken word, is die basiese vraag vir die filosofie om vas te stel wat hulle onderlinge beperking en aanvulling is en nie wat hulle verhouding is tot die absolute werklikheid wat hulle substansiële substratum vorm nie.

Dit is in die sin dat Cassirer sê "man cannot escape from his own achievement"[2] - hy lewe en moet lewe in 'n simboliese universum. Hy kan nie meer in onmiddelike aanraking met die werklikheid kom nie, van aangesig tot aangesig daarteenoor staan nie. Hy het homself so omhul met taalvorme, mitiese simbole, godsdienstige rites dat hy niks kan ken as behalwe deur bemiddeling van hierdie kunsmatige medium (simboliese funksie) nie. Die mens het ten volle 'n animal symbolicum geword.

3. Die objektiewe en subjektiewe aard van die simboliese funksie.

Uit die bogaande blyk dit dus dat die simbool 'n objektiewe sowel as 'n subjektiewe funksie het. So is woorde in 'n sin simbole omdat hulle verwys na universele, objektiewe "meanings" wat die verstand en verbeelding onmiddellik intuïtief begryp. Hierdie semantiese funksie maak fenomenologiese ontleding moontlik, want hierdie ideë of "meanings" het 'n bestaan wat onafhanklik is van die gees wat hulle begryp. Dit is op grond van hierdie objektiewe teoretiese funksie dat die mens 'n begrip kan vorm van 'n gemeenskaplike objektiewe wêreld en in staat gestel word om met ander mense gemeenskap te hê wat dieselfde kulturele perspektief het. Dit is ook op grond hiervan dat die simbole in hulle teoretiese funksie in die menslike gemeenskap nuttig aangewend kan word.

Aan die anderkant kan dit ook gestel word dat simbole 'n subjektiewe funksie het in die sin dat hulle uitdrukking gee aan die lewe en gees van die mens en basies sielkundig gemotiveer is. Elke simboliese vorm, behalwe dat dit heendui na 'n wêreld van "objective meaning" is ook 'n openbaring, 'n objektifikasie van die menslike gees. Dit is in die sin dat Cassirer sê "man is constantly conversing with himself."[3] Die simbole het dus 'n subjektiewe, teleologiese aard en is onder andere 'n weergawe van ons subjektiewe, praktiese belange en impulse.

21./ 4. "Signs and signals" onderskei..

1. E. Cassirer: Language and Myth, 8
2. E.o.M., 25
3. Idem, 25.

4. "Signs and signals" onderskei van die simbool. Die funksionele aard van die simbool word vir ons duidelik as ons die verskil ontleed tussen tekens en simbole:

a. By tekens is daar 'n organiese reaksie, 'n onmiddelike antwoord op 'n uiterlike prikkel. By simbole word die funksionele sirkel vergroot en ondergaan dit 'n kwalitatiewe verandering sodat die reaksie alleen deur middel van die simboolfunksie kan plaasvind en as sodanig vertraag is.

b. Tekens verwys na niks objektiefs nie, dit wil sê dat dit alleen bestaan in "the world of being". Simbole is 'n oorspronklike skepping met objektiewe verwysing; dit wil sê, dit bestaan in "the world of meaning".

c. Tekens prikkel tot handeling (are operators) terwyl simbole iets aandui (are designators).

d. Tekens is deel van die fisiese wêreld van "being" terwyl simbole deel is van die menslike wêreld van "meaning", dit wat hyself skep en waarvolgens hy sy menslike wêreld bou.

e. Tekens is afhanklik van sintuiglike data maar simbole nie. By tekens bepaal die kwaliteit van die prikkels die reaksie. By die simbole is dit egter anders. As die kind eers eenmaal die funksie van die woord as simbool verstaan het, maak dit nie saak hoe karig hierdie data is nie. Hy kan met die karigste materiaal sy simboliese wêreld opbou (vgl. Helen Keller). Wat van meer belang is, is die algemene vermoë tot simboolskepping. Dieselfde geld mutatis mutandis vir die ander kultuursektore. Hierdie simboliese argitektoniese funksie dui die weg aan tot selfbevryding want hoe suiwerder hierdie funksie fungeer, hoe minder natuurgebonde en afhanklik is dit van die sintuiglike gegewens.

f. Tekens het nie universele toepasbaarheid nie want dit is aan 'n enkele sense-datum gebonde. Daar is geen sprake van universeel-geldigheid nie. Die simbole is van universele en algemene toepassing, is universeel geldig en dit geld vir al die sektore wat die mens skep: Mitiese en religieuse simpatie is universeelgeldig en van universele toepassing; aan alles kan name gegee word; dieselfde geld vir die wetenskaplike denksimbole. Dit kan nie van die teken gesê word nie, want universaliteit en universele toepassing is die grootste prerogatief van die menslike simbolisme.

g. Tekens by diere is streng en onbuigbaar; dit is op 'n unieke en vasgestelde wyse aan 'n ding verbonde. Die simbool is veranderlik wat sy vorm en versatiel wat sy inhoud betref. Aan die verskeidenheid van simbole is daar feitlik geen einde nie, alhoewel almal in hulle funksionele bepaaldheid een en dieselfde is.

h. Tekens by diere het altyd te doen met onmiddelike feite en konkrete situasies. Die mens kan hom deur sy simboliese funksie verhef bo die konkrete situasies en hom van sy gebondenheid aan die fisiese en sintuiglike bevry.

Cassirer sien dus die simbool louter funksioneel. Dit is die simboliese funksie wat aan die sintuiglike materiaal lewe en betekenis gee.

22./ 5. Die simboliese funksie..

5. Die simboliese funksie lei tot die "world of meaning." Die funksie van simboolskepping is nie beperk tot die sintuiglike vlak nie. Die mens is ook in staat om simbole van simbole te maak of, anders gestel, om simbole in verband en verhouding met mekaar te bring. Hierdie verhoudings kan hy isoleer en hulle in hulle abstrakte betekenis oordink en in hierdie abstrakte denke is hy nie afhanklik van enige sensoriese of kinestetiese data nie. Die mens se vermoë tot simboolskepping stel hom in staat om uit te styg ver buite die grense van sy tydelike bestaan en om toe te tree tot die "world of meaning". Hoe hoër die ontwikkeling, hoe duideliker word die onderskeid tussen "being" en "meaning", tussen werklikheid en moontlikheid. In die primitiewe denke kan hierdie onderskeid nie altyd aangetoon word nie en dit geld ook in patalogiese gevalle waar die funksie van die simboliese denke versteur is. Dit is dan hierdie funksie van simboolskepping waarin die mens se vermoë tot kulturele ontwikkeling lê. "It is symbolic thought which overcomes the natural inertia of man and endows him with a new ability, the abilty constantly to reshape his human universe."[1]

6. Die simboliese funksie in die verskillende kultuursektore. As ons die verskillende sektore van die menslike kultuur ondersoek kan ons duidelik hierdie simboolskeppende funksie in werking sien.

a. Mite en godsdiens: In die dramatiese wêreld van die mite waar die mens nog hoofsaaklik op die vlak van "being" beweeg, is die mens gedurig besig om aan fisiese objekte lewe toe te skryf en om aan hulle sekere eienskappe toe te ken. Die mitiese wêreld is 'n wêreld van handeling, van kragte en strydende magte. In elke fenomeen van die natuur vind hierdie botsing van die magte plaas. Die miteskeppende funksie, wat ook 'n simboliese funksie is, is tog 'n poging om die wêreld te verklaar en dit is ook 'n benadering van die werklikheid, al is dit dan ook maar op die vlak van "feeling-qaulities". Die humanisering van die Griekse gode in hulle mitologie is 'n voorwaartse stap in hierdie simboliese funksie. In sy persoonlike gode sien die Griek 'n verpersoonliking van wat vir hom die ideale mens is. In hierdie ontwikkeling bespeur ons die ontwaking van 'n nuwe krag en aktiwiteit van die menslike gees. Die groot monoteïstiese godsdienste ontstaan uit die sedelike gevoel van die mens en bepaal sig op die probleem van goed en kwaad.Hier breek die mens weg van die magiese magte en in die plek daarvan stel die mens 'n strewe na 'n ideaal. In die begin word hierdie strewe gebaseer op 'n hele ingewikkelde stelsel van taboe en die deug word nagestreef deur die slegte te vermy. In die profetiese boeke van die Ou Testament ontstaan 'n totaal nuwe rigting. Wat nou nagestreef word is nie die vermyding van die kwade nie, wat 'n negatiewe en passiewe houding is, maar 'n aktiewe strewe na die goeie, naamlik die reinheid van hart.Die simboliese funksie het die mens gelei vanaf die primitiefste mitologiese handeling tot die hoogste strewe waartoe die mens in staat is.

b. Taal: Alhoewel taal van volk tot volk verskil en van beskawing tot beskawing, het almal dieselfde funksie naamlik om 'n band te vorm

23./ tussen mense .......

1. E.o.M., 62.

tussen mense. Tog is taal dikwels juis die struikelblok hierin omdat daar verskillende tale is. Die wese van taal kan dus nie in sy vorm of struktuur lê nie of, anders gestel, dit kan nie substansieel wees nie maar moet funksioneel wees. Alle tale hoe verskillend ookal, vervul dieselfde taak en het dieselfde funksie in die lewe van die gemeenskap. Die belangrikste aspek by taal is dus nie die verskeidenheid van taalmiddels nie, maar hulle geskiktheid om hulle doel te bereik - met ander woorde, hulle funksionele taak wat baie meer as net reproduktief is; dit is eerder produktief en konstruktief. Hierdie taalproses is in sy wese niks anders as die proses van die simboliese funksie nie. By die ontleding van die gevalle van Helen Keller en Laura Bridgman word dit duidelik dat daar by die eerste begrip van die simbolism van taal 'n totale ommekeer plaasvind in die lewe van die kind. Van hier af aan neem sy hele persoonlike en intellektuele lewe 'n nuwe vorm aan. Algemeen gestel kan hierdie verandering omskrywe word deur te stel dat die kind van 'n subjektiewe en emosionele houding tot 'n objektiewe en teoretiese houding ontwikkel het. Hierdie verandering vind plaas in die lewe van elke normale kind, en hy het daarna 'n baie duidelike begrip van die betekenis van hierdie nuwe instrument van sy geestesontwikkeling."He is not satisfied with being taught in a purely receptive manner but takes an active share in the process of speech, which is at the same time a process of progressive objectification."[1] Die gee van name,die ontwikkeling in die gebruik van woorde met konkrete betekenis tot die woorde met abstrakte betekenis, die benoeming van kwaliteite, die verwerwing van universele begrippe en kategorieë is algar die resultaat van een en dieselfde funksie naamlik die simboolskeppende aktiwiteit.

c. Kuns: Soos by alle ander simboliese vorme is kuns nie slegs 'n weergawe van 'n gegewe werklikheid nie. Dit is een van die weë wat lei tot 'n objektiewe beskouing van mense en dinge - dit is 'n ontdekking van die werklikheid. "The artist is just as much a discoverer of the forms of nature as the scientist is a discoverer of facts or natural laws."[2] Dit is niks anders nie as die sien van die werklikheid vanuit 'n ander perspektief; die mens word bewus van plastiese, musiek en digterlike vorme, vorme wat ook universele betekenis het. Hierdie simboliese funksie om die werklikheid en sy betekenis te leer ken deur middel van sinnelike vorme (sensuous forms) is baie innig verbind met die emosies van die mens. Die emosies ondergaan in die proses van kunsskepping 'n transsubstansiasie; die mag van die hartstog word tot 'n vormende mag omskep of, anders gestel, aan die hartstogte word estetiese vorm gegee. Die simboliese funksie in kuns word baie duidelik as ons 'n landskap met die skildery daarvan deur 'n kunstenaar vergelyk. In die landskap is ek bewus van kleur, lig en skaduwee, geur, ens. - dit is organiese skoonheid. In die skildery word ek bewus van 'n nuwe ryk - 'n ryk van lewende vorme; die skoonheid wat ek nou ervaar is die estetiese of simboliese skoonheid. Hierdie sin vir skoonheid is die vatbaarheid vir die dinamiese lewe van vorme en

24./ hierdie lewe ...

1. E.o.M., 132
2. Ibid, 143.

hierdie lewe kan nie begryp word behalwe deur 'n ooreenstemmende dinamiese proses in onsself nie. In kuns het die simbool dan ook 'n ordeskeppende funksie. Waar wetenskap aan ons orde in ons gedagtes gee, sedelikheid orde in ons handelinge, gee kuns orde in die begrip van sienbare, hoorbare en voelbare fenomena. "Behind the existence, the nature, the empirical properties of things, we suddenly discover their forms. These forms are no static elements. What they show is a mobile order, which reveals to us a new horizon of nature. ...... Only by conceiving art as a special direction, a new orientation of our thoughts, our imagination and our feelings, can we comprehend its true meaning and function."[1]

d. Geskiedenis: In die wêreld van geskiedenis is die funksie van die geskiedkundige heel andersoortig as byvoorbeeld die van die kunstenaar. In die aanvang van sy navorsing vind die geskiedkundige nie 'n wêreld van fisiese objekte nie, maar 'n wêreld van simbole en hy moet leer om hierdie simbole te lees en te interpreteer. Hierdie vertolking is moontlik omdat die historikus met dieselfde simboolskeppende vermoë bedeel is as die mens wat die historiese simbole daargestel het. Op hierdie wyse word daar nie 'n vorige toestand van die fisiese wêreld ontbloot nie maar 'n vroeëre stadium van die menslike lewe en kultuur. Of, anders gestel, die historikus bewerkstellig 'n materialisasie van die gees van 'n vorige era. Die geskiedenis is dus nie slegs 'n reproduksie nie maar 'n nuwe intellektuele sintese, 'n konstruktiewe handeling. As die historikus al sy handelinge en feite versamel en krities benader het, is sy laaste en beslissende handeling altyd 'n daad van sy produktiewe en konstruktiewe verbeelding. Waar kuns ons 'n beskrywing gee van die ideaal van die menslike lewe en deur middel van een of ander alchemistiese proses ons empiriese lewe in die dinamiek van suiwer vorme verander, daar gaan geskiedenis nooit by die empiriese werklikheid van dinge en gebeure verby nie. Dit giet hierdie werklikheid in 'n nuwe vorm en gee daaraan sodoende "the ideality of recollection."[2]

e. Wetenskap: Wetenskap is die laaste stap in die mens se geestelike ontwikkeling en mag beskou word as die hoogste en mees kenmerkende verwesenliking van die menslike kultuur. Die ordeskeppende funksie van die simbool tree hier baie skerp na vore. Waarom dit hier gaan is 'n sistematisering en verklaring van die sintuiglike en gedagtewêreld. "The scientific process leads to a stable equilibrium, to a stabilization and consolidation of the world of our perceptions and thoughts."[3] Die wetenskap soek na die waarheid en betekenis agter die waarneembare feite. Om hierdie waarheid en betekenis bloot te lê moet die verband gevind word tussen die losstaande waarneembare feite. Om dit te kan doen moet dit na 'n beginsel van orde in een of ander vorm van intellektuele interpretasie soek. Hierdie interpretasie vereis 'n sistematiese terminologie, wat gevind word in getallesimbole. Die oorgang van alchemie tot chemie dien as 'n goeie voorbeeld van hoedat die simboliese funksie van die menslike gees op die wetenskaplike terrein fungeer. Die alchemikus

25./ het deur ........

1. E.o.M., 169
2. Ibid, 205
3. Ibid, 207.

het deur waarneming 'n groot massa waardevolle data versamel, waarsonder die chemie nie kon ontwikkel nie. Die vorm waarin hierdie kennis egter aangebied was, was onvoldoende, want hy moes dit doen in halfmitiese taal, vol van duistere en swakomskrewe terme. Dit is eers vandat die chemikus in 'n kwantitatiewe taal begin praat dat die alchemie as chemie bestempel kan word. Die werk van groot wetenskaplikes was nooit slegs feiteversamelings nie maar teoretiese, dit wil sê simboliese konstruktiewe werk.

7."Unity in the manifold." In sy ontleding van die simbool en die simboliese funksie op die verskillende terreine en kultuurgebiede sê Cassirer dat dit oënskynlik blyk asof daar 'n gebrek aan eenheid in die menslike kultuur is. Dit is nie die geval nie, want in al die menslike aktiwiteite vind hy 'n eenheid in die menigvuldigheid. "In all human activities and in all forms of human culture we find a 'unity in the manifold'. Art gives us a unity of intuition; science gives us a unity of thought; religion and myth give us a unity of feeling. Art shows up to us the universe of'living forms'; science shows us a universe of laws and principles; religion and myth begin with the awareness of the universitality and fundamental identity of life."[1] Die verskeie vorme van die menslike kultuur word dus nie saamgebind deur 'n identiteit in hulle aard nie, maar deur 'n saamhorigheid in hulle fundamentele taak. "But all this multiplicity and disparateness does not denote discord or disharmony. All these functions complete and complement one another. Each one opens a new horizon and shows us a new aspect of humanity."[2]

Daar is 'n eenheid tussen die mens en sy kultuur want die kultuur is 'n simboliese wêreld van sy skepping. So is daar 'n itieme korrelasie tussen die ontwikkeling van die kultuur en die ontwikkeling van die mens. Die geskiedenis van die menslike kultuur is 'n aantoning van die mens se progressiewe pogings tot selfekspressie en selfbevryding. Die ganse menslike kultuur het dan 'n gemeenskaplike evolusionistiese oorsprong sowel as 'n gemeenskaplike funksie en doel naamlik "progressive selfliberation." Die eenheid van die funksie van die menslike kultuur is van tweërlei aard. Enersyds is dit kousaal van aard en ontstaan dit uit die mens se funksie as simboolskeppende wese en andersyds is dit teleologies van aard want die kultuurskepping moet lei tot selfbevryding. "Human culture as a whole may be described as the process of man's progressive selfliberation. Language, art,religion, science, are various phases in this process. In all of them man discovers and proves a new power - the power to build up a world of his own, an "ideal" world."[3]

In die slotparagraaf van sy boek "An Essay on Man" praat Cassirer by implikasie van drie eenhede. Eerstens 'n eenheid in die mens self alhoewel hy op verskillende terreine beweeg. Hierdie eenheid lê opgesluit in sy mag om 'n wêreld van sy eie op te bou, dit wil sê in sy vermoë as simboolskepper en in sy funksie van simboolskepping. Tweedens 'n eenheid in die kultuur self, want alhoewel die kultuur soveel verskillende aspekte het, is almal deel van een en dieselfde proses naamlik van progres -

26./ siewe selfbevryding....

1. E. Cassirer:Myth of State, 37
2. E.o.M., 228
3. Ibid , 228.

siewe selfbevryding. Hiertoe is net die mens alleen in staat omdat hy die vermoë as simboolskepper en die funksie tot simboolskepping as roeping het. Derdens 'n eenheid van mens en kultuur, want die kultuur is die simboliese of "ideal world" wat hy self geskep het.

Die kultuur van die mens bestaan uit verskillende sektore. Die sektore, alhoewel duidelik onderskei, is nie skerp afgebaken nie en elkeen het op sy beurt 'n groot verskeidenheid simbole. Oënskynlik het hierdie simbole soms geen verband nie maar tog is dit nie die geval nie.In taal byvoorbeeld is daar talle woordvorme (naamwoorde, werkwoorde, voorsetsels, ens.); tog is daar in taal 'n wesenlike eenheid naamlik in die funksie wat taal moet verrig. Ten spyte van die verskillende vorme wat kuns aanneem (letterkunde, beeldende kuns, musiek, ens.) is daar ook 'n eenheid omdat in al hierdie kunsuitinge daar 'n vergestalting is van die werklikheid wat die mens met sy emosionele belewing leer ken het. Hierdie vergestalting vind plaas in estetiese vorme. Ons kan met hierdie voorbeelde volstaan.

In die bogenoemde teleologiese bepaling lê daar ook 'n eenheid, want alhoewel elke sektor van die mensgeskape kultuur 'n eie doelstelling het waarheen dit ontwikkel, het al hierdie aparte doelstellings 'n gemeenskaplike doel naamlik om deur middel van al hierdie sektore, met elkeen sy eiesoortige simboolaktiwiteit, al voller die "world of meaning" te betree. Hoe dieper die mens tot die "meaning of reality" kan deurdring hoe meer vry word hy en hierdie vryheid verwerf hy self. Die mens se funksie is dan nie soseer om simbole te skep nie maar om deur middel van sy simboolskeppende funksie tot vryheid te kom.

Op die pad na selfbevryding moet die mens noodwendig voortdurend in spanninge kom. Hierdie spanninge word enersyds veroorsaak deur sy gebondenheid aan die natuur waarvan hy deel is. 'n Voorbeeld hiervan is sy afhanklikheid van sy sintuiglike ervaring. Andersyds ontstaan daar spanninge as gevolg van die ontoereikende simbole wat hy self geskep het, simbole deur middel waarvan hy die werklikheid nie ten volle kan ken nie. 'n Treffende voorbeeld hiervan is die taboe, 'n simbool waarvan hy hom self weer moet bevry. Ten spyte egter van al hierdie spanninge bly daar die eenheid van funksie bestaan, want dit is juis omdat daar ontwikkeling in 'n definitiewe rigting is, dat daar spanninge kom. Hoe verder die mens op hierdie pad na selfbevryding ontwikkel des te meer sal die spanninge afneem want terselfdertyd verwesenlik hy 'n innerlike harmonie sowel as 'n harmonie met die natuur en die werklikheid buite hom.

27./ DEEL I. C.

CANCELLED